SKEPPENDE KUNS –KUNS OPSOMMINGS VIR NOVEMBER EKSAMEN

GRAAD 8

Leer die volgende opsomming, asook die twee ekstra papiere wat uitgedeel is oor:

Die kleurwiel en

Die ontwerp- en kuns elemente.

WOORDELYS:

Samelewing: "n gemeenskap van mense.

Stelling: 'n **idee** wat met woorde of prente uitgedruk word.

Graffiti: woorde of tekeninge op mure gespuit, met spuitverf.

Fokuspunt: sentrale gedagte of figuur binne 'n kunswerk.

Kunselemente: Lyn, vorm, tonalewaarde, tekstuur en kleur.

Ontwerpbeginsels: kontras, proporsie, beklemtoning, eenheid en balans.

Verwante kleure: kleure wat tussen primêre kleure lê.

Komplementêre kleure: kleure wat oorkant mekaar op die kleurwiel lê.

Houer: boks, bottel of beker waarin iets gehou kan word.

Farao: Koning van Egipte.

Balsem: wanneer speserye en olies gebruik word om 'n liggaam te preserveer.

Kalsietfles: 'n houer wat gebruik word om die dooies se organe in te bêre.

Funksionele kuns: Kuns wat gemaak word met die doel om gebruik te word.

Bonnie Ntshalintshali : Suid-Afrikaanse funksionele kunstenaar, bekend vir haar pragtige gedetailleerde/handgemaakte potjies en houers.

Antiek: Artikels/ werke wat lank gelede gemaak is en nou nog bestaan.

Droogoond: 'n soort oond wat gebruik word om potte te bak.

Mite: iets wat opgemaak is of fantasie is. (nie werklik nie)

Funksionele kledingstukke: kledingstukke wat 'n vorm van kuns-elemente bevat, maar wat nog steeds gebruik kan word.

Esther Mahlangu: Funksionele Ndebele kunstenaar, bekend vir haar BWM wat sy in 1991 met tradisionele Ndebele patrone geverf het.

Ikoon: ‘n mens wat ons bewonder en wat as ‘n voorbeeld dien vir ons.

Voorlopige tekening: rowwe tekening voordat die finale tekening gemaak word.

Kwessie: ‘n belangrike onderwerp, waaroor die samelewing besorgd is.

Muurskildery: skildery wat teen die muur geverf/gespuit is.

Fassineer: om iets aanloklik en interessant te vind.

Vloeibaar: wanneer daar beweging plaasvind.

Argitek: ‘n persoon wat geboue ontwerp.

Handelsmerk: waaraan die produk gekenmerk word “brand” bv. Billabong

Hoofbedekkings: Hoede en ander soorte dinge wat mense op hulle koppe dra.

Hooftooisel: ornamentele hoofbedekking.

Vincent Van Gogh : ‘n Ekspressiewe kunstenaar, bekend vir sy duidelike kwashale en helder kleurgebruik. Bekende kunswerk “starry night”

Plaaslike Kleur: die regte kleur van iets.

Ekspressiewe kleur: die kleur wat die kunstenaar kies.

Krapbord: ‘n etstegniek, waar daar uit ‘n bord gekrap word, met skerp objekte.

KWARTAAL 1:

LETTERWERK

Letterwerk word gebruik om inligting deur te gee, boodskappe oor te dra en ons gedagtes neer te skryf. Word soms ook gebruik om ‘n idee aan die samelewing deur te kommunikeer. Wanneer dit vir hierdie doel gebruik word, sien jy dit in verskeie vorme soos bv. Boeke, mure, treine, klere ens.

Letterwerk kan gewoonlik groot gebruik word en soms met patrone versier word. Soms is die letterwerk selfs ‘n ontwerp.

GRAFITTI

Graffiti is skryf- en tekenwerk wat dikwels onwettig op die mure van ‘n openbare ruimte gespuit word. Dra gewoonlik ‘n sterk boodskap oor. Het in ‘n kunsvorm ontwikkel en sommige kunstenaars het baie bekend geword vir hulle werk. Elke graffiti kunstenaar het ‘n “kenteken” , wat soos ‘n handtekening is.

Werke vertel gewoonlik iets van hulle lewe. Hulle kan ook betoog teen dwelms, oorlog en wette. Hulle werk ook gewoonlik snags en kan baie vinnig werk.

HOUERS

Houers kan enige iets wees, waarin jy iets bêre. Ons huise kan ook beskou word as houers. Houers het in die geskiedenis, soms vreemde gebruike gehad. In antieke Egipte is die Farao gebalsem nadat hy gesterf het. Sy liggaam was in salfmiddels en verbande toegedraai om dit te bewaar en word verwys na ‘n mummie, wat dan in ‘n kliphouer (sarkofaag) geplaas.

Tydens die balsemproses is die farao se organe uitgehaal en in ‘n kalsietfles geplaas en saam met die farao geberg sodat dit gereed kan wees vir die hiernamels.

VERSKILLENDE GEBRUIKE VAN HOUERS



Hierdie soort potte is in die son gebak, met die hand glad gemaak en dan met olie bewerk. Hulle kan water, graan en ander soorte voedsel bewaar. Die grootte van die pot hang af van die gebruik daarvan. Eers later het hulle droogoonde gemaak, wat vog uitgetrek het. Klei-hoë temperatuur gebak en wanneer dit afkoel, is dit ‘n klipagtige voorwerp.

KWARTAAL 2

MODE ONTWERP

In SA verander modes gedurig, omdat ons inspirasie put, vanaf internasionale ontwerpers bv. Die modeskoue in Milan, Parys en New York.

Ons is ‘n land ryk aan tradisie, met verskillende kulture, wat steeds bly by hulle tradisionele kleredrag bv. Ndebele, Indiër,Zulu’s ens. Danksy tegnologie kan ons die nuutste mode neigings aanskou en na volg.

‘n Baie bekende modestuk wat nou nog bestaan en sy oorsprong in die 1960’s gekry het is die denimbroek. Modes word ook beïnvloed deur Ikone, wat ons bewonder of respekteer bv. Oud President Nelson Mandela wat bekend was vir sy patroonagtige hemde

SOSIALE KWESSIES

Sosiale kwessies is belangrike sake waaroor die samelewing of gemeenskap besorgd is. MIV en Vigs is ‘n kwessie wat elke lid van die samelewing raak. Daar is baie kunstenaars wat kommentaar oor

sosiale kwessies lewer in hul kunswerke. In massamedia, word daar ook baie plakkate ontwerp deur kunstenaars , vir die bewusmaking van hierdie kwessies.

KWARTAAL 3

DIE MENSLIKE FIGUUR

Dit is belangrik om te weet dat die menslike vorm nie uit geometriese vorms bestaan nie. Bv. Toe jy klein was het jy ‘n mannetjie se neus as ‘n driehoek geteken. Die neus se vorm is baie uniek en is daar dus nie een neus in die wêreld wat dieselfde lyk nie. Kunstenaars is dus deur die loop van geskiedenis beïnvloed deur die menslike figuur. Vat bv. Vir Michaelangelo wat gestreef het na die perfekte menslike liggaam. Sy Davids beeld is ‘n baie goeie voorbeeld hiervan.

Daar is ook vroeë voorbeelde van menslike uitbeeldings op rots gedoen. Daar is baie min detail of gelaatstrekke in die gesig.

Ons het eers later begin verstaan dat die menslike liggaam pragtig en vloeibaar is, of dit nou vet, lank of kort is.

ONTWERP

Bykans alles waaraan jy vat is deur ‘n kunstenaar of ‘n ontwerper ontwerp. Hieronder is ‘n lys van beroepe in die ontwerpwêreld.

- Kartograaf (Die teken van karate)
- Onderwyser
- Dosent by tersiêre instansie
- Binnehuisversierder
- Stel Ontwerper
- Dekor Ontwerper
- Beligtingskonsultant
- Restaurateur (herstel ou antieke voorwerpe)

- Modulleerder
- Landskap Ontwerper
- Kunskritikus
- Kurator by ‘n Kunsgallery (persoon in beheer van kunsuitstallings)
- Argitek

HOOFBEDEKKINGS

Sedert die vroeë geskiedenis dra mense al hoede en hoofbedekkings. Soms dra ons dit vir ‘n spesifieke doel, bv. ‘n soldaat of soms net vir plesier. Ons dra hooftooisels wanneer ons iets vier en wanneer ons ons deftig vir ‘n spesiale gebeurtenis aantrek. Ons dra dit ook om te wys dat ons aan ‘n sekere gemeenskap behoort.

KWARTAAL 4

Leer die twee papiere wat ek vir jou in die klas uit gedeel het.

- Die kunselemente
- Die ontwerpbeginsels
- Die kleurwiel
- Die verskillende soorte lyn

Weet hoe om die kunselemente toe te pas op ‘n ongesiene skildery, die aktiwiteite wat ons in die klas gedoen het asook jou navorsingstaak waar jy die drie kunswerke moes analiseer.

DAAR GAAN ‘N ONVOORBEREIDE PRAKTIESE VRAAG WEES, BRING JOU INKLEURPOTLODE SAAM AS JY SKRYF!!!!

Sterkte, leer hard en gee net jou beste. ☺ ☺